Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

29 Januarie 2021

BETALING VAN SKOOLGELDE

Geagte ouers/voogde,

Baie welkom by die aanvang van die 2021 akademiese jaar. Ons vertrou dat u gesond is en dat die nuwe jaar gepaard sal gaan met nuwe hoop en nuwe moed. Alhoewel die skooljaar later begin, is ons vol vertroue dat ons in staat sal wees om die kurrikulum te voltooi en dat ons sal kan voortbou op dit wat sinoniem is aan ons skool: die strewe na akademiese uitnemendheid en die gee van individuele aandag aan leerders.

Die leerders is geskeduleer om op 15 Februarie terug te keer skool toe. Ons het opgemerk dat dié verandering in datums, daartoe gelei het dat daar in die media, asook op sosiale media, verkeerde inligting rakende die skooldatums en die betaling van skoolgelde na vore tree. Graag wil ons enige misverstande uit die weg ruim:

Volgens die Suid Afrikaanse Skolewet is skoolgelde ‘n **JAARLIKSE** bedrag ongeag die tydperk wat u kind fisies by die skool spandeer.

Tydens 2020 is die skool se begroting vir die 2021 akademiese jaar bepaal. Dié begroting, is deur die ouers goedgekeur tydens die algemene jaarvergadering wat in 2020 gehou is. Tydens die vergadering is ‘n resolusie aanvaar dat die **JAARLIKSE SKOOLGELDE** vir 2021 soos volg sal wees:

1	1ste kind: R18 370: JAN – NOV: R1 670 vir 11 maande
2	2de kind: R17 270: JAN – NOV: R1 570 vir 11 maande
3	3de kind: R16 170: JAN – NOV: R1 470 vir 11 maande

Volgens wetgewing is die bedrag vooruit betaalbaar en dus verskuldig en betaalbaar op 1 Januarie 2021. Ouers wat nie daartoe in staat is om die volle bedrag vooruit of op die 1ste Januarie te kan betaal nie, kan die keuse uitoefen om die bedrag oor 11 maande te betaal, ***op die voorwaarde*** dat, indien hul met een paaiement agterstallig raak, die volle bedrag van die skoolgelde dan verskuldig en betaalbaar sal word.

In ‘n publieke skool word skoolgelde nie op ‘n kontraktuele basis gehef nie. Dit is ‘n **STATUTÊRE SKULD** en ouers word wetlik verplig om hul skoolgelde te vereffen in terme van Artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skolewet. Indien ouers weier om skoolgeld te betaal, sal die skool wetlike stappe neem in ooreenstemming met Artikel 41 van die Suid Afrikaanse Skolewet. Skoolgelde val dus nie onder die Nasionale Kredietwet of die Nasionale Verbruikerswet nie.

U kind se skoolgelde is hierbo uiteengesit. Die staat betaal die skool R264.00 **per kind per jaar.** ‘n Standaard-handboek is egter reeds meer as dié bedrag**.** Ten spyte hiervan, gaan u kind die jaar kwaliteit-onderrig ontvang. Vir ons om egter voort te gaan met dié gehalte van onderrig, vereis ons dat ouers hul skoolgelde sal vereffen. Neem ook in ag dat die grootste komponent, binne die begroting, bestee word aan die betaling van Beheerliggaam-onderwysers se salarisse.

Ons vra u as ouers dus om steeds u verpligtinge rakende skoolgelde na te kom.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Die uwe

Leon Langenhoven

_____

LEON LANGENHOVEN

VOORSITTER: SKOOLBEHEERLIGGAAM